**Waarom is vroulike politieke leiers so teleurstellend?**

**Prof Amanda Gouws***

Die vraag, "Waarom is vroulike politieke leiers so teleurstellend?", bly vir my 'n raaisel. Want hierdie vraag is gegrond op sekere aannames: dat vroue deugsamer is as mans; dat vroue minder korrup of minder vatbaar is vir politieke invloed. Waarom vra ons nie dieselfde vraag oor manlike politieke leiers nie? Dit wil voorkom asof daar nooit eens gedink word aan die vraag waarom manlike politieke leiers so teleurstellend is nie. Is dit omdat ons verwag dat hulle sleg, korrup en oor die algemeen nie aan ons standaarde sal voldoen nie? Wanneer ons hierdie aannames oor vroueleiers maak, red dit mans uit die verknorsing om verantwoordelikheid te moet neem vir goeie bestuur en plaas dit die verantwoordelikheid vir goeie staatsbestuur, verantwoordelike leierskap en sorg teenoor die kiesers vierkantig op die skouers van vroue.

Dit beteken natuurlik nie dat dit vir vroulike en manlike politici aanvaarbaar is om slegte politieke leiers te wees nie. Die punt is dat ons verskillende standaarde vir vroue en mans het wat gegrond is op die denkwyse dat vroue versorgers en sedebewakers is wat ingestel is op ander mense se emosies. Dit moet egter heroorweeg word.

Eerstens is daar sekere meganismes wat vroue se toetrede tot die politieke arena verseker, aangesien dit vir hulle andersins baie moeilike is om daar te kom. Die ANC se Vroueliga het in Suid-Afrika geveg vir 'n kwota en sedert 2007 het die land 'n 50%-kwota vir vroue, wat aan ons die meeste vroue in 'n wetgewer in die wêreld gee. Die kwota maak vroue egter afhanklik van die ANC, want in 'n proporsionele verteenwoordigende (PV) geslote lys-stelsel besluit die ANC-leiers (meestal mans) waar vroue se name op die lys sal verskyn en of hulle hoegenaamd op die lys ingesluit word, al dan nie. Verantwoordbaarheid vloei dus na ANC-leiers en nie na kiesafdelings of vrouekiesers nie. Daar is 'n ernstige tekort aan verantwoordbaarheid in die Suid-Afrikaans PV-stelsel.

Een van die aannames oor kwota-vroue is dat hulle vrouekwessies op die agenda sal plaas en sal veg om toestande van genderongelykheid te verbeter. Dit lei tot substantiewe ongelykheid en nie net formele ongelykheid (soos uitgedruk in syfers) nie. Goeie dienslewering word ook van hulle verwag. Maar hoekom sal vroue vrouesake op die agenda plaas indien die mans in die party nie wil hê hulle moet dit doen nie? Hulle sal 'n einde aan hul eie loopbane maak.

Baie van die vroueleiers in die ANC het bande met mekaar en met die ANC as 'n party gesmee terwyl hulle in ballingskap was. Dekade lange lojaliteite verbind hulle aanmekaar en aan die party. In hierdie verband speel die ANC se Vroueliga 'n belangrike rol as 'n organisasie wat vroue op 'n platform van eng nasionalisme mobiliseer waar vroue as versorgers en die "moeders van die nasie" gesien word. Vroulike politici van die ANC is in die eerste plek nie aan gendergelykheid getrou nie, maar aan die ANC. Gedurende Vrouemaand vier ons die vreesloosheid van die meer as 20 000 vroue wat na die Uniegebou opgeruk het om regte en vrystelling van die paswette te eis. Dink nou terug na die ANC se Vroueliga-optog na die Uniegebou in 2015 met die slagspreuk, "*hands off our president* (Zuma)". Wat het dit gemeen met gendergelykheid as 'n mens aan Zuma se korrupsie, verkragtingshofsaak en flagrante seksisme dink?

Die ANC is deurspek met faksies wat dikwels vroue dwing om kant te kies. Net soos mans, is vroue ook baatsugtige politici, en die enigstes wat 'n verskil sal maak, is diegene wat 'n morele kompas en 'n feministiese gewete betreffende genderkwessies het. Was daar byvoorbeeld enige aksie of stappe deur die ANC se Vroueliga toe die adjunkminister van Onderwys, Mduduzi Manana, twee vroue in 'n nagklub aangerand het? Waar is die sigbare afkeur vir die hoë voorkoms van intieme vrouemoorde in

Suid-Afrika? Soos Lindiwe Makhunga in haar PhD dissertasie in 2015 gesê het: Die aksies van die ANC se Vroueliga teen geslagsgebaseerde geweld is soortgelyk daaraan om ’n antiseptiese middel vir ’n gebreekte arm aan te wend! Dit doen bitter min om die oorsaak van genderongelykheid aan te spreek. Baie kontroversiële ministers was voorsitters van die ANC se Vroueliga – Winnie Mandela, Angie Motshekga en Bathabile Dlamini. Ondanks hul swak vertonings ten opsigte van dienslewering, het hulle steeds in magsposisies aangebly of is hulle na ander magsposisies verskuif omdat hulle faksie-beskerming van mans geniet.

Navorsing deur gender-vakkundiges het getoon dat slegs waar daar ’n noue band tussen vroue in die regering en die vrouebeweging is, sal ’n vroue-agenda voorgelê word vir die opstel van wetgewing wat rigting aan beleidsvorming sal gee. Die meeste vroue wat ’n feministiese agenda na die tafel toe wou bring in die land, het lankal padgegee ten einde hul integriteit te beskerm. Die vroueleiers wat gedurende die eerste parlement (eerste vyf jaar) tot die arena toegetree het, was die leiers van die *Women’s National Coalition*, wat toegewyde feministe wat deel van die regering was in die tyd toe talle vroue-vriendelike wette gemaak is, die diskoers oor gendergelykheid lewendig was en ’n feministiese agenda gevolg is. Talle het egter die arena verlaat omdat hulle ongemaklik was met die koers wat die ANC onder president Mbeki se leiding ingeslaan het rondom HIV-Vigs en die wapentransaksie. Hulle het die hoop dat vroueleiers anders sou wees, saam met hulle geneem.

Indien die korrupsie rondom die befondsing van COVID-19-dienslewering enigsins ’n aanduiding is, is die ANC tot in sy kern korrup en is skaamtelose mans en vroue in netwerke betrokke wat geld wat vir die lewering van gesondheidsdienste aan arm landsburgers bedoel was, in hul eie sakke laat beland. So, wanneer jy weer wonder waarom vrouepolitici so teleurstellend is, dink daaraan hoe teleurstellend die mans is. Wêreldwyd het swak manlike politieke leierskap die wêreld tot op die rand van rampe en katastrofes gedwing. Moenie net vroue vir goeie staatsbestuur verantwoordelik hou nie. Die vroue wat nie korrup is nie, is moeg daarvan om mans se gemors te moet opruim. Ondersteun eerder vroue wat ’n verskil wil maak as wat julle vir dieselfde ou, afgeleefde stories van manlike politici stem. Daar is talle jong, inspirerende vrouepolitici wat nie die ANC se vryheidstryd-retoriek of sy nasionalisme aanhang nie. Hulle het geleenthede nodig om hul slag te wys. Slegs wanneer vroue wat nie ingeperk word deur die ANC se misplaasde nasionalisme en beskermingsnetwerke nie, die geleentheid kry om magsposisies te beklee, sal ons iets hê om oor fees te vier op Vrouedag.

***Prof Amanda Gouws is die bekleër van die SARChI-leerstoel in Genderpolitiek aan die Stellenbosch.**